



South African Wood Preservers Association

Geagte Lede,

ONS GROET VIR SUE

Ons begin hierdie nuusbrief op 'n hartseer noot deur totsiens te sê aan Sue Kindervater wat ons in Januarie verlaat. Sue was deel van SAWPA se personeel vir bykans 23 jaar en het besluit om by haar man Dirk aan te sluit, wat op vroeë aftrede gaan. Hulle beplan om deur die hele Suidelike Afrika te reis en te kamp, wat 'n jarelange droom van Sue is. 'n Afskeidsboodskap is tydens die AJV op 27 September deur David Bergman die SAWPA voorsitter gelewer. Namens die lede wat nie die AJV kon bywoon maak ek graag van die geleentheid gebruik om vir Sue te bedank vir haar toewyding en diens aan SAWPA. Sue sal verseker altyd beskou word as 'n deel van SAWPA en ons wens haar voorspoed toe vir die avonture en aftrede wat voorlê.

Met Sue se vertrek is daar ook geleentheid vir 'n nuwe aanstelling tot SAWPA se kantoor. Dit is 'n voorreg om aan te kondig dat ons reeds die proses om 'n plaasvervanger aan te stel afgehandel het en ons verwelkom graag vir Me Judy Davies wat reeds op 1 November by ons aansluit. Dit maak dit moontlik om vir 'n tyd saam met Sue te werk en 'n gladde oorgang te verseker. Ons glo deur Judy se 15 jaar ondervinding, wat sy opgedoen het deur voorheen vir twee groot nie-winsgewende organisasies in die sakeleierskap gebied te werk, sal sy 'n waardevolle toevoeging en aanwinst vir SAWPA wees. Ons glo dat sy die werksomgewing by SAWPA sal geniet en vir baie jare deel van die Vereniging sal bly.

SUID-KAAP BRANDE

Ek glo al SAWPA se lede en belanghebbendes in die bosbou en verwante sektore deel my gevoel deur dat ons met afgryse en hartseer verneem het van die vernietiging van eiendom en die verlies aan lewe as gevolg van die brande wat weereens hierdie jaar in die Suid-Kaap woed. Ons kan nie eens probeer om die verlies en pyn wat die wat direk geraak word moet beleef nie. Ons is ook bewus dat van ons eie lede erg geraak is deur die jongste brande. Ons vra dat ons al die mense van die streek in ons gedagtes en gebede opdra, en bid dat hulle sterk en vasberade sal bly om deur hierdie tragedie te kom.

RAADGEWENDE NOTA VIR DIE BESTUUR VAN BEHANDELINGSANLEG AFVAL

Die aangehegte adviesnota is onlangs deur beide die Chemiese Forum en Uitvoerende Komitee goedgekeur. Ons glo dat dit die lede van hulp sal wees met die bestuur van gevaarlike afval wat by aanlegte gegenereer word. Die adviesnota sal op die SAWPA-webtuiste geplaas word onder die afdeling "SAWPA Members and Industry Info". Soos die agt handleidingsnotas wat ons ontwikkel het, en wat gemik is op die eindgebruiker, is die adviesnotas gemik op die bedryf, en ons hoop om nog vele adviesnotas vorentoe te ontwikkel.

ONWETTIGE HOUTBEHANDLING

SAWPA is verteenwoordig by regerings- en bedryfsforums waar ons met departemente soos DAFF, DTI, ens., skakel. Dit is by hierdie forums wat SAWPA kommer uitgespreek het oor die stygende probleem van die handel

in onwettige behandeldehout, waar ons nie net klem gelê het op die risiko's vir die bedryf nie, maar ook op die verbruikers van die onwettige produkte. DTI se afdeling vir bosbougebaseerde bedrywe het kennis geneem van ons uitdagings, en het met die NRCS en SAWPA geskakel om die omvang en rede vir die probleem te bespreek, dit wil sê waarom die NRCS regulering nie doeltreffend is nie, en om aanvaarbare en daadwerklike oplossings te vind. 'n Vergadering is op 25 Oktober gehou waar SAWPA en die NRCS elk hul insette en menings oor beide partye se uitdagings kon stel. Wat na vore gekom het is, dat die NRCS erken het dat hulle kommunikasie en terugvoer aan die bedryf gebrekkig is, ten spyte van verskeie navrae deur SAWPA, en van groter belang, is dat hulle erken het die rede vir die NRCS se oneffektiewe regulering van behandelde hout (pale), a.g.v. 'n tekort aan bekragtigingsstrukture vir die spesifieke kommoditeit is. Wanneer hulle met onwettige behandelde pale te doen kry, in teenstelling met ander kommoditeite wat hulle reguleer, is daar uitdagings met die konfiskering van onwettige behandelde hout. Hoe om dit te hanteer, dit wil sê waarheen dit geneem moet word vir bewaring, hoe om dit te laai en te vervoer, hoe om dit van die hand te sit i.e. hergebruik, herwinning, en indien van toepassing, vernietig op 'n wettige en aanvaarbare wyse, met inagneming van faktore wat verband hou met onteiening van en oordrag van eienaarskap, omgewingskwessies, verbruikersbeskerming, ens. Alhoewel ons al voorheen bewus gemaak is van hulle uitdagings, en dat ons ten tyde ons bereidwilligheid aangedui om saam met die NRCS te werk om oplossings te vind, is daar tot nou toe geen poging deur die NRCS aangewend om met die bedryf en ander belanghebbendes om 'n tafel te sit nie.

Te danke aan die ingryping deur DTI is ons hoopvol oor die proses vorentoe en dat oplossings gevind kan word. Die eerste plan van aksie is vir DTI om 'n vergadering met DAFF as 'n primêre belanghebbende party te belê om te bepaal tot watter mate hulle in staat is om te help met die onmiddellike probleem, i.e. die logistiese hantering van gekonfiskeerde produk in die geaffekteerde gebiede. Indien sodanige bystand nie moontlik is nie sal alle belanghebbendes, insluitende industrie, koppe bymekaar moet sit om alternatiewe maatreëls in plek te kry. Die NRCS het hulle ook verbind tot onaangekondigde strooptogte in die geaffekteerde gebiede. Hierdie strooptogte sal gedoen word in samewerking met die wet en orde owerhede / reguleerders, bv. SAPD, SARS, ens.

REGISTRASIE VAN PLAAGBEHEEROPERATEURS

By die onlangse streekvergaderings is lede herinner aan die vereiste dat alle houtbehandelingsaanlegte as plaagbeheeroperateurs, in ooreenstemming met die PBO-Regulasies geregistreer moet wees. Dit was 'n vereiste in die vorige Regulasie en bly geldig in die nuwe Regulasie wat in 2011 gepubliseer was. Die nuwe Regulasie bepaal egter dat vir 'n houtbehandelingsaanleg om te registreer, moet die aanleg gesertifiseer wees deur 'n SANAS-geakkrediteerde sertifiseringsliggaam, en in besit wees van 'n NRCS Brief van Goedkeuring (LOA). As gevolg van 'n uitgerekte stadige proses met die uitreiking van LOA's deur die NRCS, wat eers in 2015 begin is, is daar ooreengekom dat die registrasieproses nie in werking sal tree voor alle aanlegte uitgereik is met 'n LOA nie.

Daar is egter onsekerheid en moontlike teenstrydighede tussen die aansoekriteria vir houtbehandelingsaanlegte in die regulasies uiteengesit, en wat op die beskikbare aansoekvorm vereis word. Om duidelikheid te kry en ongewenste misverstande tussen die bedryf en die Registrateur te verhoed, het SAWPA se Uitvoerende Komitee voorgestel dat die saak opgeneem word by die Registrateur van Wet 36 van 1947. Die Registrateur het ingestem tot 'n vergadering op 9 November (die eerste beskikbare datum wat hom pas). Na afloop van die vergadering sal lede ingelig word oor die uitkomst en die proses vorentoe.

NUWE KLAS 1 CHEMIESE VERSKAFFERLID

SAWPA verwelkom graag 'n nuwe lid tot die klas 1 chemiese verskaffers. Industrial Distillers and Refiners (DR) is 'n kreosootverskaffer wat geregistreer is by die Departement van Landbou, en hul produk is onlangs gesertifiseer volgens SANS 616 tipe 2 kreosoot. Ons vertrou dat IDR 'n lang en voordelige verhouding met die Vereniging en sy lede sal hê, en sien uit na hulle betrokkenheid in die toekoms.

NUUS-BROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste vir Augustus, September en Oktober was onderskeidelik 26 453, 38 550 en 48 992.
- **Die 2019 SAWPA kalender** is gepos aan al ons lede en belanghebbendes. Wees asseblief op die uitkyk vir jou kopieë en haal dit af by jou posbus voor dit dal teruggestuur word. Ons bedank Biggarsberg Thatcher wat die pragtige foto's voorsien het vir die kalender.
- SAWPA het die Knysna Houtfees van 5 tot 7 Oktober bygewoon. Ons glo dat ons teenwoordigheid verder bygedra het tot 'n bewusmaking van SAWPA as 'n bedryfsvereniging vir ons lede en lede se produkte.
- Die AGFO Expo wat fokus op die Landbou- en Bosbousektore word in Witrivier gehou op 8 en 9 November. Lede wat die Expo wil bywoon of miskien wil deelneem as 'n uitstaller by die skou, kan na <https://www.agfo.co.za/> raadpleeg vir meer inligting.

Groete

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbriëf gemaak is nie.

SAWPA, Posbus 686, Isando 1600

Tel: 011 974 1061 Faks: 086 610 1411 Webtuiste: www.sawpa.co.za E-pos: sawpa@global.co.za
